REISVERSLAG

‘N BESOEK AAN TUSSEN-DIE-RIVIERE WILD RESERVAAT, DIE BERGKWAGGA NP, ADDO OLIFANT NP, BAVIAANSKLOOF (T1 EN T2 ROETES) EN DIE PRAGTIGE SUID-KAAPSE SEWE PASSE ROETE (April 2014)

DEEL 1 VAN 3



PERIODE : 25 April tot 10 Mei 2014

PLEKKE BESOEK :
Tussen-die-Riviere Wild Reservaat, Bergkwagga NP, Addo Olifant NP (insluitende die Sentrale seksie, Colchester seksie, Woody Cape seksie, Zuurberg Seksie, Kabouga seksie, Darlington seksie en die Bedrogfonteinspoort 4x4 roete), Baviaanskloof (die algemene T1 roete asook die minder algemene T2 roete), Timbila Wild Reservaat, Oesterbaai, Knysna, Buffelsbaai, Tsitsikamma NP (Stormsriviermond), die ou Sewe Passe Roete tussen Knysna en George, die Transport Museum in George, die Prins Alfred Pas en die Gariepdam.

OPGESTEL DEUR: J.E. Aspinall
(16-08-2014)

Kopiereg op die inhoud en fotos word voorbehou.

1. INLEIDING

1.1 Wie het gery :

Weereens het ons die voorreg gehad om saam met ons vriende Gert en Elsabie Venter weg te breek en die Oos-Kaap en Suid Kaap weer te ontdek. Vir my en Hermien was dit ons eerste besoek aan Addo Olifant NP en Baviaanskloof. Met die uitsondering van Baviaanskloof was die wêreld vir Gert en Elsabie glad nie onbekend nie.

1.2 Waarmee het ons gery :

Gert en Elsabie weer met hul goed toegeruste 1994 Toyota Hilux 2.2 liter dubbelkajuit en ons in ons 2004 Toyota 4.2 liter diesel enkelkajuit met permanente kampeerder. Beide voertuie het hul goed gedra. Gert moes by Narina Boskamp net gou sy vergasser se spuitstukke skoon blaas nadat vuiligheid in die brandstof een van die spuitstukke effens verstop het, maar verder het ons geen ander probleme ondervind nie en ook geen pap wiele opgedoen nie.

1.3 Oogmerk met hierdie reis :

Om ‘n deel van Suid Afrika te besoek wat ons lank al op ons lysie van uitstaande besoekpunte gehad het maar nog net nie die geleentheid gehad om by uit te kom nie, naamlik die Addo Olifant NP en Baviaanskloof. Daar was ook besluit om sommer van die vele pragtige bergpasse in die Suid-Kaap soos die passe op die Ou Sewe Passe Roete tussen Knysna en George asook die Prins Alfred pas te ry terwyl ons so naby was.

1.4 Die roete wat ons gevolg het :

1.5 Hoogtepunte :

(a.) Leeus en olifante byna elke dag terwyl ons in die Addo NP was.

(b.) Die Bedrogfonteinkloof 4x4 roete vanaf Mvubu Kampterrein na die Darlington dam.

(c.) Die pragtige natuurskoon as jy deur die Woody Cape seksie van die Addo NP ry met sy bosse, groen grasvelde en die see met sy kus van witsand duine.

(d.) Die netjiese kampgeriewe by Tambila Wild Reservaat.

(e.) Die T2 roete van die Baviaanskloof bewaringsgebied.

(f.) Die wonderlike voorreg om langs die see te kamp by Stormsriviermond en Buffelbaai Woonwapark, beide met baie netjiese en skoon kleedkamers.

(g.) Die George Tansport Museum, wat vir ons 'n groot verrassing was.

1.6 Laagtepunte :

(a.) Die swak toestand van die paaie in die algemeen in die Baviaanskloof Bewaringsgebied.

(b.) Ons verblyf by Addo NP se Spekboom tentkamp.

(c.) Ons verblyf by Makadaatsgrotte.

Dag 1, Vrydag 25 April 2014, Van Pretoria tot Tussen-die-Riviere Natuur Reservaat via die N1 tot net na die Springfontein, daarna na Betulie en toe oor die Caledonrivier na die reservaat se westelike hek. (Afstand: 752km + 23km na die kampterrein).

Ons vertrek so ongeveer 5h15 uit Pretoria vanaf die Wongar vulstasie in Wonderboom nadat ons beide gou eers weer ons brandstof vlakke en banddrukke nagegaan het. Ons neem die N1 suid, gelukkig nog relatief stil die tyd van die oggend, en draai daarna af op die R21 om so min as moontlik van die talle nuwe E-tol tolhekke raak te ry en sluit later weer by die N1 aan by Gillooly's wissellaar waarna ons by Alberton op die Sybrand Van Niekerk snelweg klim en via Meyerton, Sasolburg en Koppies ry.



Ons eerste stop was by die Shell Vulstasie net voor Kroonstad vir ‘n lekker Wimpy ontbyt. By Winburg draai ons af na die Voortrekker monument maar net om uit te vind dat jy nie meer die monument van naderby kan besigtig nie. Voor geslote hekke moes ons toe maar omdraai.

Na onverrigte sake, draai ons toe maar weer op die N1 suid. Net na die Springfontein afrit draai ons af na Betulie, ry by Bethulie se dorpsdam met sy treinbrug verby na die westelike hek van Tussen-die-Riviere Natuur Reservaat. Die oostelike hek was nog steeds gesluit omdat herstelwerk aan die pad oor die Caledon rivier na die oorstromings vroeër die jaar, nog nie voltooi was nie.

Tussen-die Riviere is ogeveer 27 km vanaf Betulie op die Smithfield pad. Die naam kom van die feit dat hierdie natuur reservaat tussen die Caledon en die Gariep (Oranje) riviere geleë is. Om die waarheid te sê vind die samevloeiing van die twee rivier in die reservaat plaas net voor dit in die Gariepdam invloei. Vir meer inligting besoek gerus hul webblad by :

http://www.places.co.za/html/tussen_die_riviere.html



Ons roete deur Tussen-die-Riviere wild reservaat.

Die Caledonrivier vanaf die brug oor die rivier net voor die reservaat se ingang. ‘n Pragtige stukkie Oos-Kaap .

Die oostelike hek van Tussen-die-Riviere Wild reservaat. Hier word ook tydens die winter gejag. Die diere is dus maar skrikkerig en hou jou op ‘n afstand dop. Die volgende bok soorte kom hier voor; rooibokke, springbokke, blesbokke, steenbokkies, rooi hartbeeste, swart en blou wildebeest, elande, gemsbokke, kudus, zebras, rooi ribbokke en wit renosters

Die Caledonrivier vanaf die uitkykpunt net voor jy opdraai na die ruskamp self toe.

‘n Jong Kudu bul.

‘n Mooi rooiribbok ooitjie.

‘n Vlakvark familie naby die ruskamp.

Ons eerste blik van die ruskamp en kantore.

Uitsig vanaf die 9 chalets

Ingang na die jagters kamp en kampeer area.

Die 5 jagters huisies of skerms bestaan uit ‘n oop enkel vertrek met ‘n sement vloer , ‘n windskerm met ‘n braaiplek en ingeboude tafel en bankies en natuurlik die heel beste van alles is dat die skerms ook ge-elektrifiseer is. (220 V ligte en ‘n muurprop).

Ons was die enigste kampeerders en besoekers aan die Jagterskamp en het sommer reg voor die netjies en skoon kleedkamers kamp op geslaan. Die nag het goed koud geword so wees gewaarsku.

Dag 2, Saterdag 26 April 2014, Van Tussen-die-Riviere Natuur Reservaat na die Bergkwagga NP, via Venterstad, Oviston, Steynsburg, Hofmeyer en Cradock. (Afstand: 337 km)

Gert en Elsabie vertrek vroeg-vroeg die volgende oggend na Jeffrysbaai om die Sondag oggend een van hul kleinkinders se doop daar by te woon. Ons sou mekaar weer by Addo Olifant NP die Sondagaand ontmoet. Ons staan 'n bietjie later op en maak eers ontbyt en begin toe stadig deur die reservaat aan ry in die rigting van die Bergkwagga NP waar ons beoog het om die middag en Sondagoggend deur te bring.



Ons roete vir die dag.

‘n Troppie rooibokke naby die ruskamp.

En waarlik ‘n rivierkruising deur een van die sloepe gevorm deur die Oranjerivier toe dit nog invloed was.

‘n Steenbokkie groet ons oppad uit.

Hierdie panorama van die Caledon rivier is geneem net voor dit in die Oranjerivier vloei. Die panne ontstaan wanneer die Caledon sy walle oorstroom .

Hierdie panorama is geneem vanaf die brug na Bethulie oor die Oranjerivier na die Garieprdam se wal se kant toe en toon die invloei van die dam aan.

Net na Bethulie ry jy oor ‘n lang brug oor die Oranjerivier net na die Caledon by hom aangesluit het. Dit is ook die begin van die Gariepdam. Die brug bedien sommer treine aan die een kant en motors aan die ander kant. Die koppie in die agtergrond is geleë in die Tussen-die-Riviere wild reservaat.

Die inlaat van die Visrivier Tonnel naby Oviston. Hierdie tonnel van 83 km verbind die Oranjerivier met die Groot Visrivier en is die vierde langste water toevoer tonnel in die wêreld. Die uitlaat van die tonnel is in die Teebusspruit wat in die Groot Visrivier vloei. Dit is ongelooflik om te dink dat die water van die Oranjerivier wat natuurlik na die weskus vloei afgekeer kan word en dan met tonnels en kanale tot in die Sondagsrivier naby Port Elizabeth aan die ooskus terug gelei kan word.

Wanneer jy deur dorpies soos Venterstad, Steynsburg en Hofmeyer ry is dit baie hartseer om die agteruitgang en verval van hierdie klein dorpies in die Oos-Kaap te sien. In Steynsburg was die strate met rommel en bou materiaal bestrooi, die gevolg van ‘n optog teen swak munisipale dienslewering. Waarom die dorp afgebreek moet word as jy ongelukkig is, verstaan ek nie. Sou dit dan nie beter gewees om liewers self iets aan saak te begin doen nie. Die hartseer is dat die wat betoog vir beter dienste gewoonlik ook nie daarvoor wil betaal nie.

Cradock se pragtige NG Kerk uit sandsteen gebou.

Die toegangshek van die Bergkwagga NP net buite Cradock.



Tydens ons besoek aan die park was al die 4x4 roetes gesluit vanweë verspoelings en syfer water wat die tweespoor 4x4 roetes glad en modderig gemaak het. Nie ‘n welkome besluit vir besoekers mer 4x4’s nie, maar wel ‘n goeie natuurbewarings besluit.

Hierdie tweespoor roete met sy sement spore en geplaveide klip middelmannetjie het my werklik beindruk. Iemand het hier ‘n besonderse plan gemaak om te keer dat die water nie onnodige erosie slote vorm nie. Ek sou sê, wel gedaan!

Die groot vyf het ons hierdie keer natuurlik totaal ontglip tydens ons besoek aan die park. Ons verrassing was natuurlik die twee aartwolwe wat ons vir die eerste keer in lewende lywe gesien het en ‘n rukkie kon dophou sonder die nabyheid van ander besoekers.

Ons aartwolf vriende.

‘n Blesbok

‘n Bergkwagga. Let op geen bruin strepe tussen die swart strepe nie en die swart strepe gaan reg rondom die pote en is ook baie nader aan mekaar gespasieer.

Nog leliker as ‘n blou wildebees is die swart wildebeest met sy kenmerkende lang wit stert.

‘n Eland.

‘n Rooihartbees

‘n Waaierstert - grondeekhoring

'n Witgatspreeu

'n Spekvretertjie

'n Volstruis mannetjie

‘n Trop blesbokke en swart wildebeeste wei rustig saam.

Die ruskamp was nogal vol en die ablusieblokke ten spyt was nogal netjies en skoon.

Dag 3, Sondag 27 April 2014, Bergkwagga NP na Addo Olifant NP, via Cradock, Cookhouse en Patterson. (Afstand: 219 km)

Vroeg die volgende oggend het hierdie jong springbokkies uit pure baldadigheid ‘n wonderlike vertoning vir ons gelewer.

Net buite Cradock oppad na Addo NP ry ons by hierdie interesante padstal verby.



Die roete oor Cradock, Cookhouse en Patterson na die Addo Olifant NP.

Die ontvangs, winkel en restaurant kompleks by die Addo se Hoofkamp.

Addo se olifante is die vreedsaamheid vanself, maar so nou en dan wil ‘n jongetjie darem vir jou wys wie is nou eintlik die baas op die plaas en wie is die gas (onder). So groot soos hierdie diere is, so vinnig kan hul wegraak tussen die spek en doring bome. Ons het Maandag oggend die hele hoof deel van die park plat gery en nie een olifant gesien nie. Die middag het ons dieselfde roete weer gery en toe twee groterige trope olifante van tussen 20 en 30 olifante elk teegekom.

Rooihartbeeste, die grotes ongesteurd deur ons teenwoordigheid maar ons kon dit nie van die jonger enetjie sê nie wat sy ontsteltenis duidelik getoon het.

‘n Mooi Kudu bul

Die kampeerplekke in Addo se Hoofkamp is duidelik afgebaken en genommer. Daar is groter staanplek vir woonwaens en 4x4 voertuie met daktente en kleiner staanplekke gereseveer net vir tente. Jy gaan kyk waar jy wil staan, d.w.s waar daar ‘n oop staanplek is en gaan gee dan die nommer in by ontvangs wat dan die staanplek op jou naam plaas. Hierdie hoek staanplek was idiaal vir ons twee voertuie, met genoeg ruimte tussen voertuie om veilig te kon braai en kuier.

Dag 4, Maandag 28 April 2014, Addo Olifant NP – Sentrale Seksie. (Afstand: 219 km)

Die gedagte van die dag was om die hoof deel of sentrale deel van die Addo vandag goed te verken en elke moontlike roet te ry en so veel as moontlik te beleef. (Sien roete gery hier onder.)



Die Addo bestaan uit dele wat ontbos is soos hier te sien en dele wat dig begroei is met spekboom en doringbome. Soms wonder jy hoe beweeg die diere deur die digte bos van dorings.

‘n Meneer van ‘n vlakvark met ‘n stewige stel tande

Bontkwagga met sy swart en bruin strepe waarvan die swart strepe byna rondom die maag gaan.



‘n Stewige kaapse buffel bul , deel van ‘n trop van so 12 buffuls, wat ons vroeg die oggend te gesien gekry het.

En terwyl ons van groot praat ons grootste olifant wat ons gesien het was hierdie ou bul.



Goue muishonde op die uitkyk vir gevaar en sommer paraat vir enige iets wat kan gebeur.

Die eerste van twee rooikatte wat ons gesien het in Addo.
(Jammer foto nie baie skerp nie, vanweë die swak lig.)

Selfs die blomme prag was iets spesiaals

Ek was verstom om te sien hoeveel versillende sooste parasietiese plante op die flora van Addo groei. Op hierdie takkie kan verskeie mosse en voëlent gesien word, sommige selfs sommer in volle blom

Die Rooidam watergat. Ons het byna nooit diere by die watergate teegekom nie.

Addo NP is ook ‘n voëlkykers paradys soos hier onder te sien is.

Kaapse Wewer

Gewone Mossie (wyfie)

Swartpiek

Bokmakierie

Rooiborsjakkalsvoël

Bleeksingvalk

‘n Bleeksingvalk besig met middagete.

‘n Onvolwasse Bleeksingvalk

Bloukraanvoël

Swartkraai

Witborskraai

Gewone Tarentaal



Kopereend wyfie

Kopereend mannetjie

Geelbekeend

Kolganse

Rooikeelfisant

Mikstertbyevanger

Gevlekte muisvoël

??



Suidelike Waterfiskaal

Fiskaalvlieëvanger

Fiskaallaksman

Kleinglansspreeu

'n Gewone Kwikkie

Rooineklewerik

Dikkop

Kroonkiewiet

Bontkiewiet

Die minder gewilde Hadida.

‘n Swartkopreier opjag. Daar was nogal baie van hulle te sien in die park.

Jack se piekniek area met sy silverskoon ablusieblokke. Hierdie is ‘n heerlike plekkie om middagete te nuttig. Daar is orals afdakkies tussen die spekbome met ‘n tafel en bankies asook braaigeriewe.

In die kampterrein groei hierdie boom wat ernstig deur ‘n wurgvy betrek en oorgeneem is .

Die aand het ons besoek ontvang van hierdie pragtige grootkolmuskeljaatkat by ons kampplek.

Dag 5, Dinsdag 29 April 2014, Addo Olifant NP (Colchester seksie). (Afstand: 219 km)

Dag vyf begin sommer op'n hoë noot die eerste diere wat ons teekom was twee rooi jakkalse en net 'n entjie verder so 200m vanaf die Zuurkop uitkykpunt waar jy natuurlik mag stop en bene rek lê twee uitgegroeide leeu mannetjies die een hou wag terwyl die ander een op die naat van sy rug lê, pens en pote in die lug en probeer om sy roes af slaap.

Ook maar *sleg* as die son skyn!

Op pad suid na die hek tussen die sentrale deel van Addo en die Colchester seksie ry jy by Hapoor dam verby. Menigte prag fotos en videos van olifante wat bad word hier geneem, maar ons was maar ‘n bietjie ongelukkig die paar keer wat ons hier was. Geen olifante nie slegs ‘n paar kudus.

Die gedagte was om vir die res van die dag die Colchester deel van die park te verken. Wat ‘n pragtige dag met wonderlike ervaringe. Die plante groei in dierdie deel van die park verskil heeltemal van die sentrale deel van die park.



Wanneer jy die grondpad tussen Addo en Scotia kruis verander die plante groei drasties en kry jy wanneer jy afsak in die Colchester seksie van die Addo NP hierdie woud van reuse euphorbias.

Orals in die Colchester deel van die park het ons troppe diere gekry soos hierdie troppie Kudus .

Wanneer jy afdraai op die Ngulube loop roete vind jy hierdie unike seksie met sy indrukwekende erosie walle wat deur jare se erosie gevorm is.

Weereens het die Addo ons beindruk met sy pragtige bomme prag.

‘n Trop rooihartbeeste en…..

….. ‘n trop elande wat sommer by mekaar gewei het.

Nie ver van die troppe rooihartbeeste en elande af nie het hierdie paar zebras gestaan en konfereer oor hoe dom ‘n zebra of miskien hoe dapper ‘n zebra kan wees. Twee zebra hingste het ewe dapper treetjie vir treetjie al nader aan die gevaar begin beweeg totdat hul so 15 meter af van die gevaar was. Twee leeu wyfies seker dik gevret van die vorige nag se jag het rustig gelê en slaap. Die twee zebras het elke keer nader en nader beweeg, maar toe die eerste leeu wyfie haar kop lig, toe sien jy net hoewe.

En was hul nie pragtig nie. Die ouer dame het toe ook mooi vir ons daarop gewys dat een van haar slagtande by ‘n vorige geleentheid sy punt verloor het.

'n Jong enkel lopende kudubul.

Ek wou nog altyd weet hoe lyk die onderkant van 'n olifant se pote waarmee hy so sag kan beweeg maar dan ook sommer oor doringtakke kan loop sonder om te skroom. Siedaar nou weet ek.

Die aand slaap ons in die Spekboom tentkamp in die middel van die sentrale deel van die Addo NP.

Spekboom tent kamp se voertuig park. Jy kan nie met jou voertuig tot by jou tent ry nie.
Die hek word saans gesluit.



Spekboom tentkamp was ons finale bestemming vir die dag. By ons aankoms was ons tent se sleutels soek en moes ons al die pad terug ry na die Hoofkamp om die sleutels te gaan haal, aangesien daar nie vervoer was vir die bewaarder op diens by die kamp nie.

Hierdie kamp is gebou binne in ‘n spekboom woud en is baie ruig. Jy stap deur oop gekapte paadjies en elke tent is total afgesonder van die ander vier tente. Wat dit moeilik maak as jy in ‘n groep is. Die tent is netjies en goed ingerig. Jy moet ongelukkig ‘n gemeenskaplike kombuis en ablusie geriewe gebruik wat so ‘n entjie van die tente af in die woud geleë is.

Hierdie is ‘n feetjie wêreld en die beste dinge is te sien op voetsoolvlak. Die pragtigste paddastoele en klein skilpaadjies kom hier voor.

Ons tent vir die aand.Idaal vir twee persone. Alhoewel dit goed koud geword het was die beddegoed netjies en die komberse meer as genoeg, ons het dus heerlik geslaap.

‘n Deel van die feetjie wêreld waarvan ek vroeër melding gemaak het.

Van die inwoners van feetjieland.

Hier is ook ‘n watergat met ‘n skermmuur waar jy kan kom sit om die diere wat kom water drink dop te hou.

Dag 6, Woensdag 30 April 2014, Addo Olifant NP (Woody Seksie**)**. (Afstand: 219 km)



Ons eerste pragstuk van die dag was hierdie bruinkopvisvanger.

Oppad na Addo se Woody seksie van die park ry ons by hierdie troppie leeus verby in die Colchester deel van die park. Ons is werklik bederf die derde keer in drie dae dat ons leeus in die Addo teekom. Ons wonder of dit die wyfies van die vorige dag is wat saam met die mannetjies kuier. Daar was nou drie wyfies.

Hierdie is ‘n seksie hoofsaaklik vir stappers en is toegang per voertuig nie so gemaklik nie. Ons het toe maar met die R72 langs gery, tot by Alexandria en so twee kilometer voor die dorp op ‘n grondpad afgedraai kus toe en kon ons so deur ‘n klein deel van die Addo NP se Woody seksie ry. Die pad loop later langs die kus af, maar wat ‘n pragtige gesig. Die wit duine afgeets teen die skerp europese groen gras en bosse.

Hierdie is melkboer wêreld en die manne speel nie. Die kuddes hier is reusagtig.

Toegang tot die strand
by Canon Rock

Plantegroei op die
strand by Canon Rock

‘n Baie interesante manier van visvang. Jy het heelwat vaardigheid nodig om die net so uit te gooi dat dit perfek oopmaak.

Uitvloei van die strandmeer na die see by Boknesstrand

Panorama van die strandmeer by Boknesstrand

Ons eet middagete by die netjiese Nanaga padstal net waar die R72 weer by die N2 aansluit. Hier kan jy die lekkerste tuisgebak, vleispasteitjies en brood koop. Die kandelare in die restaurant is gemaak van ou vrugte flesse.

Nanaga padstal se binnetuin.

Die Sondagsrivier net voor dit in die see vloei en net voor jy regs afdraai om weer in die Colchester seksie van die Addo NP in te gaan. Weereens kan jy ook die hoë wit sandduine sien wat tipies is van die Woody seksie van die Addo NP.

Vanaand slaap ons in die Narina boskamp in die Zuurberg seksie van die Addo NP.

Die lekker van hierdie boskamp is dat alhoewel daar vier tente is, elk met twee enkelbeddens, jy die hele kamp vir jou en jou gaste se gerief het. Die prys per nag is vir die kamp en nie vir ‘n tent soos by Spekboom tentkamp nie. Hier het jy ook ‘n bewaarder wat na jou omsien wanneer jy arriveer en later weer vertrek. Hy maak seker dat al die ligte werk (sonkrag) dat die kamp netjies is as jy arriveer. En netjies was dit waarlik. Die enigste probleem was dat die ligte nie almal gewerk het nie omdat die battery en sonlaaistelsel nie meer effektief gewerk het nie, maar vir die res was daar niks uit sy plek of fout te vind nie. Die son was ook maar skaars, en die betrokke weer het ook nie baie gehelp nie. Die nagte word hier ook baie koud onder die bome en so langs die rivier.

Die boma waar ons lekker beskerm teen die wind kon braai.

Ons tent vir die nag met twee enkelbedjies (let wel nie opslaan bedjies nie) en skoon warm beddegoed.



Die kuierdek wat uitkyk oor die rivier. (Van die kamp gesien.)

Die kuierdek wat uitkyk oor die rivier.
(Van die rivier se kant gesien.)

Die uitsig oor die rivier met sy veilige swemgat, natuulik vir die somer bedoel.

Die stort en wasbak deel van die ablusie. Die toilet is so 5m daarvan en het ‘n spoel toilet.

Die hangbrug wat jy moet oorsteek wanneer jy van die motorparkeerplek na die kamp loop.